# UP vier 100 jaar met Kersligloop

by Stella du Plessis

Posted on 06 Februarie 2008

n Spesiale kersligloop deur studente om die Universiteit van Pretoria (UP) se eeufees te vier, word om 19:30, Donderdagaand, 7 Februarie 2008, by die UP Hoofkampus gehou.
Die Kersligloop op die vooraand van die amptelike verjaardagviering van die Universiteit, sal begin by die Prospectstraathek, langs die Sirkelroete, verby die Ou Landbougebou, Ingenieurswese, tussen die laning Koorsbome, links in Universiteitsweg, verby Teologie en verby die voorkant van die Ou Lettere gebou, draai regs na die ou Lettere gebou en beweeg na die piazza/Studentesentrum.

Die prosessie sal om 19:50 by die piazza aankom. Die meeste van die deelnemers sal die piazza om 20:00 bereik.

'n Kort seremonie waaraan die vorige VSR-president, Chilu Chani, die huidige VSR-president, Me Yolande van der Westhuizen, en die Visekanselier en Rektor, prof Calie Pistorius, sal deelneem, bereik 'n hoogepunt wanneer prof Pistorius die Eeufeesvlam aansteek.

Die Vlam simboliseer eenhonderd jaar van leersaamheid en sal gedurende die Eeufeesjaar brand om die geskiedkundige gebeurtenis te herdenk.

Internasionaal-erkende beeldhouer en UP alumni laureaat, Angus Taylor, het die kruik ontwerp en Walter Pel van Sasol Tegnologie, het die brander ontwerp. SASOL het die brander geborg as deel van hulle volgehoue navorsing- en ontwikkelingsamewerking met die Universiteit.

Besoek asseblief www.up.ac.za/centenary en kliek op eeufees vir verdere inligting oor eeufeesaktiwiteite.